They can be of benefit to children's development and provide creative play opportunities, thereby giving children at least a kick-start in becoming literate and well-developed adults.

### History of toy libraries


Evidence of toy libraries dates back to the early 1900s. However, most modern toy libraries were established during the 1960s and early 1970s to support families of children with special educational needs. Originally established as a toy exchange to expand the resources available to families, the toy library quickly became a larger phenomenon, providing family support services and specialist support to families with children with special educational needs by lending out purchased toys, providing a place where mothers could share information and support one another and where professionals could find resources for their therapeutic work.

The Association of Toy Libraries (ATL) was established in 1972 with 30 members and became a limited charity company in 1975. From their original aim of providing support to children with special educational needs and their families, some toy libraries have expanded to serve much broader communities and now provide services to a variety of families and children aged from zero to nineteen.

### Existing toy libraries

#### United States

There are about 400 toy libraries in the United States, about a quarter of which offer adaptive toys. The first toy library started in Los Angeles, around the time of the Depression, when a storeowner noticed children stealing toys because they could not afford them. He created a 'library' where they could borrow and return toys, eventually expanding it to a network



Examples of toys that can be used to develop children's cognitive senses

consisting of about 60 sites — some were mobile sites around the city, which allowed low-income kids to borrow quality toys.

The circulating *Toys and Tools-to-go*-collection was the first of its kind in a public library in Florida. Since its inception in 2002, it has been replicated in several library systems in the Tampa Bay area, including Pasco County.

Palm Harbour Library's toy collection is free of charge to everyone with a library card. Borrowers can select their items from a large assortment of toys and batteries for the toys are also replaced free of charge. The director of Palm Harbour Library, Gene Coppola, describes the collection: 'The toys as a *Toys and Tools-to-go*-collection truly epitomise what a library is all about. By serving as an educational destination, the library continues to bridge the gap between the haves and have-nots.'

### South Africa

#### *The North West Department of Sport, Arts and Culture*

During consultation workshops in August 2004 by the Directorate Library, Information and Archive Service in the four districts of the North West Province, it was established that children from birth to six years are primarily the responsibility of crèches, non-governmental organisations, and community-based organisations. A shockingly high number of children in the care of these organisations, especially in rural areas and disadvantaged communities, are not exposed to the right kind of development due to lack of educational toys, aids, and games.

The North West Department of Sport, Arts and Culture: Directorate Library, Information and Archive Services, has therefore established toy libraries in existing community or public libraries and provided a range of educational toys, games, puzzles, audio books and aids for the children up to the age of nine.

The Department uses this strategy to cultivate a reading culture among communities, starting with young children. It believes in the Sotho saying, *Lore lo ojwa lo sa le metsi*, which simply means that children must be taught and stimulated while they are still young.

Each identified community library receives educational toys, games, aids, and toy library bags, which addresses various

skills that are categorised in age-related skills development, some of which are social skills, perceptual development skills, fine motor development skills, mathematical skills and getting ready for writing and reading.

The main aim of the toy library project was to prepare children to be ready to read in order to develop future readers.

### Cape Town

Closer to home children in Khayelitsha celebrated International Children's Day in 2005 at Moses Mabhida Library with new educational toys donated by the City of Cape Town. Parents and teachers could borrow educational toys, puzzles and CDs free of charge from the library.

The project was designed to meet the needs of early childhood development centres in Khayelitsha that struggle to provide toys to their children. Gert Bam, the city's director of Social Development, said toys are crucial in the holistic development of a child. 'We are aiming this service at early childhood centres to ensure that more children have access to these resources. At the same time, more people will be exposed to the wide range of library services offered by the city.'

The Moses Mabhida Toy Library was one of ten municipal facilities offering toy library services, and as Cape Town is a caring city, the Directorate of Social Development committed R100 000 towards the purchase of equipment and toys to be rotated among their libraries.

### What do educational toys and reading have in common?

Research shows that educational toys stimulate child development from an early stage, as the first six years of a child's development are crucial. Reading is an action of eye movement from left to right, top to bottom. Recognition of symbols and the ability to make deductions is a left-brain activity, whereas the accompanying action conceptualising and visualising of images and emotions of the reading materials is a right-brain activity. Reading is therefore a whole brain activity.

Educational toys help to exercise physical abilities such as focusing, the ability to determine the midline, eye span and



hand/eye coordination, language and concentration skills. It also stimulates different levels of development or skills such as large muscle development, social skills development, perceptual development, auditory skills, coping skills, comprehension, logical reasoning, hand/foot/eye coordination and construction skills — all of which are crucial in getting a child ready to read.

### Toy libraries as learning and leisure libraries

Supplementary to providing the resources, project and workshops should be held to train community librarians and caregivers or pre-school teachers in the use and value of educational toys, aids and games to develop children's reading abilities.

Good quality toys and games are expensive and not always easily obtainable. Toys that are borrowed from, or used at the toy library with appropriate guidance, can be experimented with and if not a success, can be returned and exchanged with more suitable ones. Items offered in toy libraries help to develop all aspects of a child's development, rather than focusing on only 'educational toys'.

Toy libraries can be active learning and leisure libraries in the following ways:

- **Come and play.** A toy library is regarded as a safe space with a variety of toys and a qualified toy librarian who helps to select the appropriate toys.
- **Come and borrow.** Families can borrow toys. The toy librarian will explain how the toys and games can be used at home.
- Toy libraries can cater for users who have some kind of *disability*.

### Mobile toy libraries

A mobile toy library provides the same facilities as other toy libraries and is a high impact and cost-effective programme that gives children, their families, early learning facilitators and early childhood development practitioners access to a collection of carefully selected educational play materials, play sessions as well as training on how to use the toys to encourage development.

Cotlands manages the Toy Library Association of South Africa that provides training on how to set up a toy library. The Association promotes the establishment of toy libraries, distributes newsletters and holds toy library seminars and play conferences.

Mobile toy libraries distribute toys in areas where they are most needed. Every child in South Africa should have access to a toy library that provides high quality early learning and play opportunities.

For more information on Cotlands, phone (011) 683-7201, visit [www.cotlands.org.za/projects/toy-libraries/](http://www.cotlands.org.za/projects/toy-libraries/) or email [toylibrary@cotlands.org](mailto:toylibrary@cotlands.org)

**NOTE:** The very first toy library in the Western Cape was established in 1994 with the opening of the new *Piketberg Public Library*. Since the writing of this article it has come to our attention that *Worcester Library* operates an active toy library. We invite readers to be part of National Book Week held during the first week of September in Vredenburg where there will be a demonstration on toy libraries by the South African Book Development Council.

### Bibliography

- Anon 2006, 'Toys bring joy'. *Cape Librarian* 50(1):34.
- Brümmer, L. & Clark, M., (n.d.), *Toy libraries to the rescue*. [http://www.unicef.org/southafrica/SAF\\_ecdknowledge\\_ClarkBrummer.pdf](http://www.unicef.org/southafrica/SAF_ecdknowledge_ClarkBrummer.pdf) (Accessed 30 June 2015).
- Cottrell, M., 2013, 'Toy libraries: a place to play'. *American Libraries* 44(11/12):14-15.
- Eannel, L., 2013, 'Toys and tools to go — adaptive toy collection available at Palm Harbour Library', *Florida Libraries* 56(2):28.
- Free Dictionary, 2015, Sv 'Bibliotherapy'. <http://www.thefreedictionary.com/bibliotherapy> (Accessed 21 September 2015).
- ITLA. (n.d.). Toy libraries. [http://www.itla-toylibraries.org/pages/toy\\_libraries/](http://www.itla-toylibraries.org/pages/toy_libraries/)
- Mtshweni, D. (n.d.), 'A government initiative combining

public libraries and toy libraries in the North West Province'. <http://www.itlatoylibraries.org/assets/Usenicooliocoza/FullPaper-Desiree Mtshweni.pdf> (Accessed 15 May 2015).

- Oxford Dictionaries. 2015. Sv 'Toy' <http://www.oxforddictionaries.com/definition/english/toy/>
- Powell, R. & Seaton, N., 2007, *A treasure chest of service: the role of toy libraries within play policy in Wales*. Slough: NFER.
- Shaw, C., Brady, & Davey, 2011, *Guidelines for research with children and young people*, London: NCB Research Centre.
- WEBMD, 2015, 'Growth and development ages 6 to 10 Years'. <http://www.webmd.com/children/tc/growth-and-development-ages-6-to-10-years-topic-overview> (Accessed 12 September 2015).



# rooi rose

steeds 'stylvol, sinvol,  
propvol'

Hoe die jong dogter in 'n skone vrou verander het deur Francois Verster

Hulle sê Charlize Theron het haar sukses te danke aan *rooi rose*, toe sy die Supermodel van die Jaar-kompetisie in 1991 gewen het. Hoe dit ook al sy, hierdie tydskrif (wat sedert die 1990s deur Caxton uitgegee word), het soos 'n baie klein en tingerige plantjie begin voordat dit hoog teen die strukture van die Afrikaanse tydskrifmark opgerank het — dis die oudste bestaande vrouetydskrif in die land om 'n forum vir beroemdes te word (*Sarie* is in 1949 gestig). Terselfdertyd het dit self 'n *celeb* geword. Maar hoe en waar en wanneer en deur wie is dit begin?


Op Sondagmiddag 1 Februarie 2016 ontmoet ek Joan Kruger, 'n legende in joernalistieke kringe, nou uitgewer (Tip Publishing), en iemand wat voorheen vir die tydskrifte *Sarie*, *rooi rose* en *Keur* gewerk het, in Somerset-Wes. Joan het van Paternoster af gekom op besoek aan haar moeder en ek het van Brackenfell gery om 'n pakkie by haar te kry — 'n lêer met

inligting oor *rooi rose* se ontstaansjare.

Later die middag blaai ek daardeur; probeer sin maak uit ou fotostate in plastiekomhulsels. Die eerste hiervan lui: 'die Afrikaanse Pers stuur [deesdae] elke veertiende dag 'n vroueblad die veld in, wat allesins 'n tipografiese pronkstuk is. Te verwonder is dit dan ook nie dat *rooi rose* hom reeds so ingeleef het in tienduisende huise in die Republiek dat hy nie met 'n koevoet daar uit te werk is nie. So voor die wind het dit nie altyd gegaan nie. Intendeel, soos met so baie van ons Afrikanerondernemings, was daar aanvanklik net dorings te sien [...] met slegs hier en daar 'n half verleë rosie te sien ...'

En dan skryf die onbekende skrywer hier verder dat die 'mede-eienaar en redakteur van *rooi rose* in daardie jare, AM van Schoor, in die *rooi rose* van 8 Augustus 1965 toe die blad mondig geword het', oor hoe hy en Hendrikus Potgieter in 1944 by Marius Jooste se kantoor instap met die voorstel dat Jooste-





In 2002 vier rooi rose haar sestigste verjaardag met 'n mylpaaluitgawe 'Ses dekades rooi rose 1942-2002,' wat begin met: *RR* is vandag Suid-Afrika se voorste vrouetydskrif, 'n wêreldklasglansblad wat elke maand deur meer as 160 000 vroue gekoop word ...

hulle (Afrikaanse Pers Beperk, oftewel APB, later Perskor) 'n tydskrif by hom oorkoop.

Jooste en Van Schoor het R200 by 'n bank geleen en toestemming by die APB se direksie gekry om voort te gaan. By die APB se drukpers in Kroonstad, waar 'n tektort aan papier en selfs letters vir die setters alledaags was — die eerste opskrif het gelui: ROZI ROSE: SUZD-QFRXKA SE BESTC TYDSKRQF — het hulle tot laatnagte gewerk, soms met werkers van die straat af om take soos vouwerk te behartig. Nie lank nie of APB het 'n voltydse redakteur aangestel, RP Visser, wat kort daarna deur ID van der Walt opgevolg is. Van Schoor het intussen redakteur van *Die Huisgenoot* geword. Van der Walt het vertel dat hy slapelose nagte gehad het om by te hou met nuwe leesgiere om die tydskrif relevant te hou.

Daarin het hy geslaag, want *rooi rose* het met die tye aangepas en 'die jong dogter het verander in 'n beeldskone jong vrou'. In 1959 vertrek hy na *Brandwag*, 'n ander tydskrif in APB se stal, en Ulrich Stark, voorheen van die koerant *Die Vaderland*, neem by hom oor. Hy het goed gevaar met die hulp van bydraers soos André P Brink, Len Lindeque en Ela Spence. Die volgende redakteur was die eerste vroue-redakteur, Susan de Winter, en toe die bekwame Martie Snyman — 'die windmaker mars van mans deur die redakteurskantoor' was verby; 'n vrou wat dit as haar roeping beskou het, het 'die leiding geneem van 'n blad wat bedoel was vir vrouens van agt tot tagtig jaar', skryf Van Schoor.

In 2002 vier *rooi rose* haar sestigste verjaardag met 'n mylpaaluitgawe 'Ses dekades rooi rose 1942-2002,' wat begin met: *RR* is vandag Suid-Afrika se voorste vrouetydskrif, 'n wêreldklasglansblad wat elke maand deur meer as 160 000 vroue gekoop word en gesogte pryse, soos die Advantage Admag

Tydskrif van die Jaar-toekenning, loslaan. Hier word genoem dat die eerste voorbladfoto, 'n spieëlbeeld van 'n meisie met rose om haar, in sewe lande die eerste plek in fototentoonstellings verower het. Die tydskrif het nege pennies gekos en was feitlik onmiddellik uitverkoop.

Weens 'n papiertekort het die volgende uitgawe eers in Augustus 1944 verskyn. Dit verklaar die gaping tussen die eerste — baie gewilde — uitgawe en ook hoekom Potgieter die tydskrif aan Jooste gaan verkoop het. Die tweede Wêreldoorlog (1939-1945) was in volle swang en die mengsel van kort-, vervolg- en 'ware' verhale het ontvlugting aan lesers gebied. Ná die oorlog is berig gelewer oor onderwerpe soos die ontstaan van die Verenigde Volke Organisasie (1945), die besoek van Koning George VI en sy gesin (1947), deurbrake op mediese gebied soos die ontwikkeling van kunsorgane en kortisoen en Penny Coelen wat in 1958 Mej Wêreld word.

Teen 1960 was *rooi rose* reeds 'n lywige blad van 120 bladsye. Meestal in monochroom, behalwe vir die buiteblaaie. Die 'emansipasie van die vrou' en 'losbandigheid van die jeug' was gewilde temas. Tien jaar later was *rooi rose* 'n glansblad (die formaat het wel kleiner geword) met modes en resepte in volle kleur en teen 1980 was aktuele artikels stories oor bekendes, modes, kos en heelwat brei- en hekelpatrone.

Gedurende die volgende dekade verteenwoordig *rooi rose* Mev 90's: 'Sy ryg 'n handvol modeneigings in — unisex, grunge, punk, terug-na-die-natuur met katoen en linne en teen die einde van die eeu dra sy net waarvan sy hou en wat haar pas.' Met die koms van die 21ste eeu is die rekenaar en sy kroos, Ipads, selfone en dies meer toonaangewende kommoditeite en *celeb*-manie herinner aan Andy Warhol se profesie dat elkeen (sy of haar)



Die volwaardige vrou moet ... genoeg ingebore adel hê om op gelyke voet met die rykstes en belangrikstes te beweeg maar tog terselfdertyd genoeg deernis en simpatie hê om nooit neerbuigend te wees wanneer sy met die armstes en nederigstes te doen het nie

vyftien minute van roem sal smaak. Hierdie tydgees word ook deur *rooi rose* uitgebeeld.

Soos alle suksesvolle besigheidsentiteite het *rooi rose* in pas gebly met markveranderinge — in November 2000 het *rooi rose* nogmaals aangepas deur 'n maandblad te word: die eerste in Afrikaans. Daar is profiel-artikels van bekendes soos Helen Suzman, Patricia de Lille, Antjie Krog en Anna-Mart van der Merwe gepubliseer, soms deur bekendes soos Susan Coetzer en Bettie Kemp, wat 'n aanduiding is van die status wat *rooi rose* bereik het. In 2012 word Anna-Mart weer betrek met *rooi rose* se 70ste verjaardag en as volg aangehaal: 'Die veertigerjare is sinoniem met die Tweede Wêreldoorlog. Dat *rooi rose* in hierdie tydperk gebore is spreek van die tydskrif se onstuitbare gees.'

Soos dit maar met *rose* gaan, is daar altyd iets wat aan hulle wil vreet — in *rooi rose* se geval is dit die onsekerheid wat die digitale eeu meebring. Redakteurs sê dis onmoontlik om te ver vooruit te beplan, want wat nou werk, werk nie noodwendig oor vyf jaar nie. Op die oomblik is daar ongeveer 5,5 miljoen Internetgebruikers in Suid-Afrika, maar daar kan verwag word dat dit aansienlik kan styg, terwyl die gewildheid van papiermedia sal taan. Hierdie uitdaging sal waarskynlik die grootste wees wat die 'onstuitbare gees' daarvan sal beproef.

Mag *rooi rose* se leuse 'stylvol, sinvol, propvol' nog lank in Suid-Afrikaanse huise gesien word. Dis immers deel van ons Suid-Afrikaanse kultuur, met 55% van die lesers wat swart is — *rooi rose* het juis nog altyd een skerp pyl in haar koker gehad: 'n uiters lojale leserskring, wat steeds groei en diversifiseer.

Martie Snyman het *rooi rose* se credo reeds in die vroeë sestigs opgestel. Dit was as volg: Die volwaardige vrou moet trots wees, maar nie verwaand nie; hoogmoedig op haar voorkoms, maar nie

ydellig nie; gul maar nie goedkoop nie; vriendelik maar nie familiêr nie; diepsinnig maar nie ondeurgrondelik nie; gevat maar nie grof nie; verfynd, maar nie fiemiesrig nie. Sy moet genoeg ingebore adel hê om op gelyke voet met die rykstes en belangrikstes te beweeg maar tog terselfdertyd genoeg deernis en simpatie hê om nooit neerbuigend te wees wanneer sy met die armstes en nederigstes te doen het nie.

#### Bronne

- Du Plessis, L. 2009. *Sarie* en *rooi rose* se keuse van voorblaaie: tendense en motiverings, M.A., Noordwes-Universiteit.
- Kruger, Joan. (Persoonlike aantekeninge van J Kruger, voormalige redakteur van *rooi rose*).
- Rabe, Lizette. (Korrespondensie met prof L Rabe, voormalige redakteur van *Sarie*).
- *rooi rose*, April 2002.
- *rooi rose*, April 2012.
- Verster, CM. 1995. Die klemverskuiwing van mode-bemaking vanaf bemarkerspersepsie na verbruikersbehoefte, M.A., R.A.U.
- Woudstra, A. 2008. Vrouetydskrifte + die internet = 'n blink toekoms, Stellenbsch Media Forum.

*Dr Francois Verster is 'n historikus, argivaris en 'n skrywer en 'n gereelde korrespondent van die KB*





# Verlies is 'n koue gety

Oor die heengaan van Adam Small, die skrywer, die Mensch deur Francois Verster

Ek het Adam Small nie geken nie. Wat my laat dink aan wat iemand gesê het oor goeie skryfwerk: dat dit die leser laat voel dat hy/sy die skrywer graag sou wou geken het. Skywers so divers soos Rykie van Reenen, Louis L'Amour, MER en Roald Dahl, dis mense wat ek graag sou wou ken. En professor Adam Small.

Helaas, Adam Small, vir my die onbekende ikoon. Ek het sy indrukwekkende tydgenote professore Richard van der Ross en Jakes Gerwel ontmoet, maar nooit die groot dramaturg, aktivis (en vele meer) nie — die man wat 'n leidende figuur in die Swart Bewussynbeweging was, maar tog NP van Wyk Louw in Engels vertaal het, wat die apartheidstaat gesatiriseer het en veral bekend is as digter. Of so sê Wikipedia — ek onthou hom veral vir sy toneelstuk

... die man wat 'n leidende figuur in die Swart Bewussynbeweging was, maar tog NP van Wyk Louw in Engels vertaal het


Kanna hy kô hystoe. Dalk onthou mense hom vir verskillende dinge. Soos dat hy hom uit protes aan die openbare lewe onttrek het en dat hy eers op 76-jarige leeftyd die Hertzogprys (2012) ontvang het. Was dit 'n geval van 'te min te laat', of 'liewer laat as nooit'? Net Adam Small kan dit beantwoord, maar die feit dat hy nie meer met ons is nie, net vier jaar ná die bekroning, is dalk antwoord genoeg.

Ná sy dood het die lofsange deel van die oordonderende impulswildernis (Bernard Odendaal se neologisme) geword. Ek blaai deur *Die Burger* (4 Julie 2016) en daar is 'n artikel oor

FW de Klerk met 'n foto waar hy trots wys wat Small voor in sy laaste digbundel, *Klawerjas*, aan die voormalige staatspresident geskryf het. De Klerk sê in die berig dat hy in 1993 instrumenteel was in



Adam Small is in 2014 deur die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport vereer vir sy lewenslange bydrae tot die Afrikaanse letterkunde



Oudpresident FW de Klerk het Adam Small geprys vir sy bydrae om Kaaps 'n staanplek in die Afrikaanse letterkunde te gee

die verlening van 'n nasionale toekenning vir voortreflike diens (Goud) aan Small en dat hy Small vergelyk het met "n verlore Afrikaanse broer wat weggeloop het van die huis en deur dié toekenning na die Afrikaanse huis teruggekeer het". Small se gedagtes hieroor is aan ons onbekend, maar in 'n stuk wat hy in 'n bundeltjie oor Bolandse skrywers (**My Paarl**) geskryf het, kom Small se seer oor die verdeeldheid tussen Afrikaanssprekendes sterk oor; hy praat reeds in 1987 van almal wat nie wit is nie as swart, van die 'vervreemdende naald by die Rots' en dat hy in Wellington in 'n straat gebore is wat later deels wit geword het. Die titel van sy stuk heet *Tussen twee huise* en dit gaan oor die Pêrel (soos hy dit noem) en Wellington, oor sy Moslem- en Christenvoorsate en veral oor swart en wit, juis binne die sogenaamde Afrikaanse huis waarvan De Klerk nou praat.

Toe ek Facebook oopmaak, word De Klerk gestriem oor sy 'tweegesigheid'; 'n tirade deur 'n ver-regse. Soos vir De Klerk nou, moes dit vir Small vir baie lank baie moeilik gewees het om 'tussen twee huise' te woon. Let wel, nie *in* twee huise nie, maar *tussen* hulle, wat daarop dui dat Small nie in een van die twee tuis gevoel het nie. Die vraag is dus: het hy ooit tuisgekom, soos De Klerk al in 1993 beweer het?

In die bundel *Gesprekke tussen skrywers 2* (1972) vra Ronnie Belcher aan Small: 'Adam, hoe plaas jy jouself nou eintlik in ons letterkundige wêreld? Jy weet daar is mense wat van "Kleurlingdigters" praat.' Small se antwoord was: '[...] die woord Kleurling [steek] my so 'n bietjie dwars in die krop. Jy weet, ek is 'n pleitbesorger vir die behoud van verskeidenheid onder mense, vir kulturele meervoudigheid. Ek is erg gekant teen die

platmaking [en hier doem die spook van Distrik Ses summier op] van almal en alles tot eendersheid soos dit gedoen word deur ons moderne magsbewegings [...]' Hy gaan voort om te sê dat die soort verskynsel mense soos in 'n maalgat intrek, en 'Wie kan tog buitekant die lewe staan?'

Small het hom egter lank aan die openbare lewe onttrek en **Klawerjas** het eers in 2013 verskyn, sodat dit lyk asof hy sy eie raad van 'buite die lewe staan' verontagsaam het, maar tog later besef het dis onomseilbaar waar. Vir 'n kreatiewe gees

om nie te skep nie is beslis om buite die lewe te staan — selfs sy eie. Small was altyd betrokke by 'die lewe', oftewel die samelewing — sy besluit om maatskaplike studies aan te pak en om direkteur van die Wes-Kaaplandse Stigting van Gemeenskapswerk en later hoof van die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Wes-


Kaapland te word, getuig hiervan. Hy was juis nie 'n skrywer soos Karel Schoeman wat van eenkant af die wêreld betrag en beskryf nie. (Schoeman het ook as kind in die 'wit' Boland gewoon.)


Small se kinderjare het hom grootliks gevorm. Hy praat baie van die armoede en skeiding tussen die onder- en bodorp in onderhoude en eie geskrifte, dog hy het aan Belcher bely: 'My misnoeë oor die woord "Kleurling" slaan nie op 'n verwerping van die geloof in verskeidenheid onder mense nie.' Hy gaan nogtans voort: 'As sekere mense maar weet hoe seer hulle jou maak deur jou 'n duisend maal op 'n dag te oordonder met die klank van die woord "Kleurling!" Jy voel saans vol kneusplekke. Dit is 'n vervreemdingwoord.' Hy het ook geskryf oor hoe sy vader, 'n skoolmeester, 'n verlore

## Belcher noem hom ook 'n filosoof en as 'n mens na afbeeldings van Small, met sy intellektuele voorkoms kyk, die skraal, brose mens, is daardie intelligensie en (t)eergevoeligheid onmiskenbaar



Adam Small in Distrik Ses, saam met kinders uit die buurt





Ambrose Peters

Adam Small kyk uit oor die bouvalle van Distrik Ses, 1981

stryd teen die alkoholisbruik onder sy mense gevoer het. Hier sien jy weer die invloed van Small se ouerhuis, ook die tweespalt — sy moeder, van Indiese afkoms, het 'n soort gelatenheid jeens apartheid openbaar — Small sê 'sy het met die dinge gevloei' (en Small reken sy aanhang van Taoïsme kom dalk van sy Oosterse bloed). Tussen hierdie en ander pole was Small skynbaar altyd swemmende; teen die maalkolk van die politiek, maar ook die filosofiese strome waarvan hy op universiteit geleer het. Belcher noem hom ook 'n filosoof en as 'n mens na afbeeldings van Small, met sy intellektuele voorkoms kyk, die skraal, brose mens, is daardie intelligensie en (t)eergevoeligheid onmiskenbaar.

Daar is baie oor Small en sy nalatenskap gesê en geskryf, inderdaad 'n vloedgolf van woorde met politieke onderstrominge wat my laat dink aan Moses met sy staf by die Rooi See. Maar anders as Moses het Small nie die see verdeel nie; soos sy vader kon hy nie sy mense droogvoets deurlei nie, en soos sy moeder was daar uiteindelik die aanvaarding dat haat of selfveragting nie mense byeenbring of individuele katarsis bied nie. Small se altruïsme is bowenal wat van hom die Mensch gemaak het wat hy was.

En terwyl elkeen van ons 'n oomblik in die wind (van verandering) bly huiwer om te dink wat Adam Small beteken het, is ek, vir een, spyt dat ek nie die voorreg gehad het om net so 'n enkele oomblik met Adam Small te kon verkeer het nie. Hierdie skeiding egter, wat politiek gebring het — ek onthou hoe my eie vader vertel het van hoe wit en bruin (voor bruin swart geword het) in die straat waar hy grootgeword het, saamgespeel het. Tot die wette en stootskrapers gekom het en mense van mekaar weggestoot het.

Mag Adam Small in die Hiernamaals met al sy vriende sy plek aan een tafel plaasneem. En maak dit nou regtig saak waar dié tuiste sy staning het? Soos Small self gesê het: 'Die kunstenaar is nie in diens van die politiek of enige sosiale gelowe of gelofies nie — selfs nie eens as satirikus nie. 'n Kunstenaar se trou lê by sy gewete.'



netwerk24.com

Adam Small saam met sy vrou, Rosalie, en hulle dogter, Zaidee

#### Adam Small se werke sluit in:

- \*Poems (ongedateerd)
- \*A brown Afrikaner speaks: A coloured poet and philosopher looks ahead.- Munger Africana Library, 1971.
- Black bronze beautiful.- Donker, 1975.
- Louw, Nicolaas Petrus van Wyk. Oh wide and sad land / translated by Adam Small.- Maskew Miller, 1975.
- Oos wes tuis bes: Distrik Ses / met Chris Jansen.- Human & Rousseau, 1973.
- \*Die Lewe van Chad Carlton
- \*Maria, Moeder van God, 'n radiodrama (2015)

Sien ook KB, Mei/Junie, 2016, bladsy 11 vir 'n geselekteerde lys van titels van Small se werke in die Biblioteekdiens.

\*Titels nie in voorraad nie

Dr Francois Verster is 'n historikus, argivaris en 'n skrywer en 'n gereelde korrespondent van die KB



# Sleigh se swanesang


'n Silwer kring voltooi deur Francois Verster

Op Saterdag 9 Julie 2016 het dr Dan Sleigh amptelik sy 'aftrede' as skrywer voor 'n volgepakte vertrek in die Kasteel in Kaapstad aangekondig.





Die geleentheid was die bekendstelling van sy vierde pryswenner-roman — hy het wel 'n halfdosyn korter historiese romans vóór sy eerste 'magistrale' werk, **Eilande**, geskryf, asook 'n digbundel **Duif oor water** en nie-fiksiewerke soos **Die buiteposte**, maar die leserspubliek sal hom waarskynlik onthou vir **Eilande**, **Afstande**, **Wals met Matilda** en sekerlik ook vir **1795** (2016). Deur hierdie vier boeke loop 'n silwer draad, het hy verduidelik: in elkeen is 'n karakter wat skryf, byvoorbeeld, Koos van der Merwe en Matteas Behrens. Dis so beplan, het hy gesê, om aan te dui dat daar altyd iemand sal wees om rekord te hou, ook ná hyself daarmee opgehou het. Die vraag WIE? het soos Tafelberg se kleed oor die groepie aanwesiges gehang, baie van hulle self gedugte skrywers — Abraham de Vries, Petra Muller, Wium van Zyl, om maar 'n paar te noem. Maar nie een meer 'n snuiter nie, met permissie gesê.

Besoekers aan die Kaapse Argief sal Dan Sleigh reeds van die vroeë tagtigerjare onthou, gewoonlik geklee in 'n verbleikte denimbroek (heel gepas, want denim is immers die materiaal waarvan die ou seevaarders hulle seile gemaak het en die Sleighs was seevaarders voordat hulle aan die Weskus kom 'strand' het) en 'n uitgerekte blougrys seemanstrui. En sy lang wit kuif wat my altyd aan 'n Engelse skaaphond herinner. 'Wie is dié verslonste ou man?,' het een van my seniors eenkeer gebrom toe ek as argivaris by die Roelandstraatse argiefbewaarplek gewerk het. Ek en 'n kollega, Jaco van der Merwe, het haar ingelig dat hy die grootste kenner van die V.O.C.-tydperk in die wêreld is. Erkenning daarvoor sou hy weldra ontvang, en later ook akkolades as romansier.

Eksel self het hom al in 1984 by die ou argief in Koningin Victoriastraat ontmoet. Die witkopman in die duifgruistrui het altyd eenkant gesit, verdiep in die stowwerige dokumente of mikrofilm. Soms het hy by ons ander navorsers, wat graag by hom wou leer, vir tee in die Tuine aangesluit. Dan het hy



Inderdaad, 'n historikus laat kennis agter en 'n romansier lewenswaarhede. Dan Sleigh se nalatenskap is 'n lang en gelukkige huwelik van die twee



ons gewoonlik vergas met staaltjies oor die ou Kaap, sy blou oë verdwyn tussen die lagplooitjies en sy tande wit onder die welige snor. Soos die storie oor 'n skaapwagter wat vir bestialiteit na Robbeneiland verban was. 'En raai', het hy gevra, 'wat doen hy daar?' Ons het kop geskud. 'Hy pas die Kompanjie se skaaptroppe daar op!' was sy antwoord.

Nietemin, oor die jare het almal wat wou luister vele fassinerende stories uit die Hollandse tydperk gehoor — en later gelees, soos dit uit Sleigh se pen gevloei het, of wat hy in lesings oorvertel het. Sy vertellings was altyd ryk en kleurvol en onderhoudend. Ek kan my voorstel hoe dit moes wees om in sy klasse te sit toe hy onderwyser was. Maar die onderwys se verlies is die groter leserspubliek se wins.

Toe sy tweede massiewe historiese roman, *Afstande*, verskyn het, het die *Rapport* Boekebladredakteur my gevra om dit te resenseer. Ek het die uitdaging graag aanvaar, want ek het toe reeds by daardie jaar se Boekebeurs-uitstalling in KIKS deur een van die eksimplare geblaai en onmiddellik gesien dat dit makliker lees as die voorafgaande boek, *Eilande*. Sleigh het inderdaad hard gewerk om altyd beter te word, selfs nadat hy vir die eerste *Eilande* omtrent elke prys behalwe die Hertzog-prys opgeraap het

En hier by die Kasteel, waar baie van die gebeure in 1795 afgespeel het, het Linda Rode, wat ook betrokke was by die versorging van die manuskrip, vir Sleigh daarvoor uitgevra. Soos altyd het hy eers gedink en sy antwoorde versigtig aangebied, nes hy elke woord in sy tekste vooraf noukeurig geweeg het, nes hy elke feit soos 'n klont spoelgoud in 'n myner se pan uit die koue bronwater gelig en van alle kante beskou het. Sleigh was self 'n delwer met goudkoors, maar sy fiksasie was nie oor geld of roem nie, maar om die wonder van die geskrewe woord aan sy medemens te vertoon.

Ek het 1795 daar gekoop en Montagu toe gery waar ek die volgende dag by die Breytenbach Fees moes deelneem, en dadelik ná ek my bagasie in die gastehuis ingedra het, begin lees. Net veertien bladsye later het ek, begeesterd, hierdie beskeie lofbetuiging aan die ou meester geskryf. Hy sal gemis word, maar sy boeke sal altyd met ons wees.

Inderdaad, 'n historikus laat kennis agter en 'n romansier

lewenswaarhede. Dan Sleigh se nalatenskap is 'n lang en gelukkige huwelik van die twee.

#### Poësie en prosa

Hy debuteer in 1971 met die digbundel, *Duif oor water*. Daarna skryf hy verhale met 'n geskiedkundige agtergrond vir die skolemark.

*Die nege-maande-mars*. Tafelberg, 1972.

*'n Man om te hardloop*. Tafelberg, 1973.

*Tussen twee vlae*. Tafelberg, 1974.

*Onder die bittervaan*. Tafelberg, 1975.

*Anselm en die Jut*. Van der Walt, 1976.

*Sersant Barodien, Kaapse Korps*. Tafelberg, 1977.

*'n Kanon vir Barbier*. Tafelberg, 1978.

*Vryburger Tas*. Tafelberg, 1979.

#### Romans

Na voltooiing van sy historiese studies skryf hy die volgende volwasse romans.

*Eilande*. Tafelberg, 2002.

*Afstande*. Tafelberg, 2010.

*Wals met Matilda*. Tafelberg, 2011

#### Letterkundige bekronings

In 2001 wen hy die Sanlam/Insig/Tafelberg-romanwedstryd vir sy roman *Eilande*. Dié boek is later ook met die WA Hofmeyr-, RAU-, M-Net-, en Helgaard Steyn-prys bekroon. *Eilande* se Engelse vertaling, *Islands*, wat deur André P Brink vertaal is, is deur die *Seattle Times* as een van tien beste boeke van 2005 aangewys. Dit is aangewys as een van die top tien debuutromans van 2005 deur *Booklist*, 'n Amerikaanse biblioteekdienspublikasie; is ingesluit in P Boxhall: *1001 books you must read before you die*; (London, 2006) en is vir drie internasionale toekennings benoem. Die Nederlandse vertaling, *Stemmen uit zee*, het in 2004 die 98ste plek op die topverkoperlys van Nederlandse boekhandelaars gehaal.

*Dr Francois Verster is 'n historikus, argivaris en 'n skrywer en 'n gereelde korrespondent van die KB*



# Selection of memoirs by women

**How memoirs change lives** compiled by Nomonde Ngqoba

Through writing their memoirs, many people try to make sense of the events in their lives. And with the increasing globalisation of people and cultures today, memoirs can change people's perceptions and understanding of one another. By accompanying an author on his or her personal journey the reader gets an insight into how other people think and feel. Some memoirs are also written to help others who might go through a similar experience.

Although some of the titles in this selection of memoirs available in our public libraries are old, they are definitely worth reading.


**BROWN, Marvelyn**

362.1969 BRO

**The naked truth: young, beautiful and (HIV) positive.**

- Amistad, 2008.

'... an inspirational memoir which chronicles Marvelyn's evolution from frightened victim to fearless activist. So, this brave young lady, now 24, deserves considerable credit for going public and thus putting a face on the generally hidden and denied disease, and thereby letting young girls know how easy it is to contract.' (*www.reviews.aalbc.com*, Kam Williams)




**SCHEERES, Julia** 362.71 SCH

**Another hour on Sunday morning: a childhood spent struggling to survive.**- Arrow, 2006.

'Journalist Scheeres offers a frank and compelling portrait of growing up as a white girl with two adopted black brothers in 1970s rural Indiana, and of her later stay with one of them at a Christian reform school in the Dominican Republic ... While religion is omnipresent, both at their school and in the home of their devout parents, the two rarely find themselves

the beneficiaries of anything resembling Christian love. One of the elements that make Scheeres's book so successful is her distanced, uncritical tone in relaying deeply personal and clearly painful events from her life. She powerfully renders episodes like her attempted rape at the hands of three boys, the harsh beatings administered to David by her father and the ceaseless racial taunting by schoolmates; her lack of perceivable malice or vindictiveness prevents readers from feeling coerced into sympathy. The same can be said for Scheeres's description of their Dominican school, where humiliation and physical punishment are meant to redeem the allegedly misguided pupils. Tinged with sadness yet pervaded by a sense of triumph, Scheeres's book is a crisply written and earnest examination of the meaning of family and Christian values, and announces the author as a writer to watch.' (*Publisher's Weekly*, 15/8/2005, Sam Stolloff)




**BASHIR, Halima** 920 BAS

**Tears of the desert: one woman's true story of surviving the horrors of Darfur.**- Hodder, 2008.

'Bashir's story of her life in Darfur is difficult to read, largely because so much of it is ordinary. She recounts growing up in a loving family, attending school, and, with the strong support of her father, becoming a doctor. After she enters professional life, civil war comes to her doorstep, and her life is torn apart. She witnesses horrible suffering and is herself brutally treated by the Janjaweed, the armed militias fighting with the tacit approval of the Sudanese government. As a black African, Bashir recalls years of discrimination

from ruling Arab Africans, but the spreading war accelerates the violence to epic and devastating levels. After fleeing to Britain, she finds herself in a new battle to prove that the nightmare in her country is real. Bashir is now a powerful voice for the victims of Darfur, speaking out on numerous painful subjects, from her own genital mutilation to rape and the loss of her family. Harsh in its honesty, Bashir's chronicle is shocking and disturbing. An unforgettable tragedy.'

(*Booklist*, 1/8/2008, Colleen Mondor)





**DIDION, Joan** 920 DID

**The year of magical thinking.**- Harper Perennial, 2006.

'Didion — a master essayist, great American novelist, and astute political observer — uses autobiography as a vehicle for tonic inquiries into both the self and society. In *Where I was from* (2003), she meshed family history with an examination of America's romance with the West. Here, in her most personal and generous book to date, she chronicles a year of grief with her signature blend of intellectual rigor and deep feeling. The ordeal began on Christmas 2003 when Didion and her husband, the writer John Gregory Dunne, learn that their daughter, Quintana Roo, is in intensive care with severe pneumonia and septic shock. Five grim days later, Dunne and Didion come home from the hospital, sit down to dinner, and Dunne suffers 'a sudden massive coronary event' and dies. Married for 40 years and sharing a passion for literature, they were inordinately close. But Didion could not give herself over to grief: Quintana's health went from bad to worse as she developed a life-threatening hematoma on her brain. She survived, and Didion had the wherewithal to cope ... So she researches grief, schools herself in her daughter's medical conditions, and monitors the flux of flashbacks and fears that strobe through her mind. Didion describes with compelling precision exactly how grief feels, and how it impairs rational thought and triggers "magical thinking". The result is a remarkably lucid and ennobling anatomy of grief, matched by a penetrating tribute to marriage, motherhood, and love.'

(*Booklist*, 1/8/2005, Donna Seaman)



**DIEDERICKS, Erla-Mari**  
920 DIE

**Sin, sushi & survival: a memoir.**  
- Zebra, 2011.

'Abuse is not a four-letter word but it should be. When journalist Erla-Mari Diedericks leaves her husband after an abusive marriage of eight years, her heart is broken, her dreams shattered and her body bruised. Instead of breaking down or turning to self-help books, she shaves off her pubic hair and self-medicates with alcohol, sushi and sex. Botoxed and bewildered, she turns to


Internet dating, only to find that falling in love is not as easy as she thought it would be especially when there are no fewer than three alter egos telling her what to do. Things take a slippery turn when she gets involved in a startling underworld of adult sex websites and sex clubs, where alcoholism, sex addiction and suicide become very real possibilities. In between it all there are protection orders and maintenance claims to deal with, a four-year-old son to take care of and the truth to hide from. But the truth, like love, has a way of finding you. *Sin, sushi & survival* is the gripping, no-holds-barred story of Erla's astounding journey. Alternately heart-breaking and hilarious, shocking and inspiring, this book will have readers gasping from the first page to the unexpected twist at the end.'

(*www.expressoshow.com*, 20/4/2011, Erla-Mari Diedericks)

**FULLER, Alexandra** 920 FUL

**Don't let's go to the dogs tonight: an African childhood.**  
- Picador, 2002.


'Fuller, nicknamed Bobo, grew up in Rhodesia (now Zimbabwe) during the civil war, and she watched her parents fight against the local Africans to keep their farm. Fuller writes from a child's point of view, masking neither her family's prejudices nor their passions. Fuller's father, Tim, is a determined and strong man, married to Nicola, who is gradually cracking under the pressure of the civil war and also of the deaths of her children. The Fullers lost three children; only Alexandra and her older sister, Vanessa, survived. The losses take their toll on Nicola, who turns to alcohol to combat her overwhelming depression. After the white colonialists lose the civil war, the Fullers'



farm is taken away, and they move to Malawi, where Bobo begins to get a sense of the life of an average African. But the overbearing Malawian government motivates the Fullers to move on, and they finally settle in Zambia. Fuller is a gifted writer, capable of bringing a sense of immediacy to her writing and crafting descriptions so vibrant the reader cannot only picture the stifling hot African afternoon but almost feel it as well. Writing a memoir powerful in its frank straightforwardness, Fuller neither apologises for nor champions her family's views and actions. Instead, she gives us an honest, moving portrait of one family struggling to survive tumultuous times.' (*Booklist*, 1/11/2001, Kristine Huntley)

**HIRSI ALI, Ayaan** 920 HIR  
**Infidel.**- Free, 2007.


'Hirsi Ali, internationally acclaimed for her book **The caged virgin** (2006) and her film depicting the oppression of Muslim women, which cost the life of her colleague Theo van Gogh, now offers a compelling memoir of her life. Stripped of her Dutch citizenship and threatened with the same fate as Van Gogh, Hirsi Ali continues to defy conventions regarding Muslim women. She writes poignantly of growing up in Somalia, Saudi Arabia, and Kenya in a strict Muslim family. She was subjected to female circumcision and brutal beatings by a mother who wanted her to conform to the obedience expected of women. With the rising influence of the Muslim Brotherhood in Somalia, her ambitions were even more repressed. She defied a forced marriage and fled to the Netherlands, fighting for the rights of Muslim women and a more open practice of Islam. Her rising political prominence and outspokenness have made her a target of Islamic extremists. Hirsi Ali's spirited recollections and defence of women's rights to independence and self-expression are inspiring to women of all cultures.' (*Booklist*, 15/2/2007, Vanessa Bush)



**Malaika wa Azania** 920 MAL

**Memoirs of a born free: reflections on the rainbow nation.**  
 - Jacana Media, 2014.

'... an honest account of what it is like to grow up in the rainbow nation, as post-apartheid South Africa is often called. Written by 22-year-old Malaika wa Azania (born Malaika Lesego Samora Mahlatsi), the book is a first-person account of being a born-free and what that really meant to her. Her personal narrative is a story of the prevailing legacy of apartheid, the violence of poverty and crime, disenfranchisement and attempting to navigate a society that didn't change overnight. This is also while dealing with the jarring inequality between her and her family, and the people she encounters when she goes to school in Melville, takes drama classes, interacts with children and families in her neighbourhood who go to Model C and




formerly whites-only schools. Her story is also the story of the difficulty of fitting in to previously white spaces that had become accessible to all. Wa Azania pens her memoir as a letter to the governing party, who she charges with the failure to make real the promises of democracy. The architects of apartheid and white people who continue to benefit from the structures and institutions of apartheid get off pretty lightly as she presents her indictment of the

ANC and its failure to deliver on the new South Africa dream in her lifetime. The book is also an account of the development of her own consciousness and political ideology. The author realises that, for her, freedom must be accompanied by radical economic reform and a rejection of neoliberalism. And so the latter part of the book is a journey, albeit brief, of working with the black consciousness group, Blackwash, and later her part in the formation of the Economic Freedom Fighters and her ideological and personal squabbles with Andile Mngxitama, Floyd Shivambu and Julius Malema. The tone often comes across as self-important as Wa Azania looks at South Africa in a way that knows better, that sees things for what they truly are. The book falls short on structural analysis, but that's really not what its aim is. It tells the story of the many for whom democratic South Africa has largely only brought political freedom but for whom socio-economic freedom remains elusive and begs the question: how free is born-free?' ([www.citypress.co.za](http://www.citypress.co.za), 16/6/2014)

**NAFISI, Azar** 920 NAF

**Reading Lolita in Tehran: a memoir in books.**- Fourth Estate, 2004.

'Nafisi, a former English professor at the University of Tehran, decided to hold secret, private classes at her home after the rules at the university became too restrictive. She invited seven insightful, talented women to participate in the class. At first they were tentative and reserved, but gradually they bonded over discussions of *Lolita*, *Pride and Prejudice* and *A thousand and one nights*. They neither draw exact parallels between the texts and their lives nor find them completely foreign ... Nafisi mixes literary analysis in with her observations of the growing oppressive environment of the Islamic Republic of Iran: women






are forced to wear the veil at university and are eventually separated in class from men. Bombs fall outside while Nafisi tries to conduct class. Nafisi's determination and devotion to literature shine through, and her book is an absorbing look at primarily Western classics through the eyes of women and men living in a very different culture.' (*Booklist*, 15/4/2003)

**PATCHETT, Ann** 920 PAT  
**Truth and beauty: a friendship.**  
 - Fourth Estate, 2004.


'This memoir of Patchett's friendship with *Autobiography of a face* author Lucy Grealy shares many insights into the nature of devotion. One of the best instances of this concerns a fable of ants and grasshoppers. When winter came, the hard-working ant took the fun-loving grasshopper in, each understanding their roles were immutable. It was a symbiotic relationship.



